

Waaroor gaan die Paassiklus?

“Die Here het opgestaan!”

“Die Here het waarlik opgestaan!”

Dit is die manier waarop gelowiges mekaar deur die eeue op Paassondag, Opstandingsondag, gegroet het.

Hierdie boodskap, dat Jesus Christus, wat gekruisig is en dood was, weer lewe, is in die kern van die Christelike geloof. Daarom is Paassondag die hoogtepunt van die kerklike jaar.

Maar die boodskap van die opstanding, van die oorwinning oor die dood is so groot dat die kerk nie net een dag daaraan wy nie. Daarom word ’n seisoen van vyftig dae as Paastyd gevier.

Paastyd begin op Paassondag wanneer Jesus se opstanding uit die dood gevier word. Paassondag is ook die klimaks van Groot Heilige Week, die laaste week van Lydenstyd, met die kruisiging van Jesus op Goeie Vrydag

Dan sterk dit oor nog sewe weke, wat insluit die herdenking van Jesus se Hemelvaart op die Donderdag 40 dae na Paassondag. Nog tien dae later op die vyftigste en laaste dag van die Paassiklus, volg Pinkstersondag en die viering van die uitstorting van die Heilige Gees.

In die hart van die Paasgebeure vind gelowiges hulle verlossing. Jesus het ons skuld gedra sodat ons gered kan word, sodat ons bevry kan word van die las van sonde. Maar die oowinning oor die dood beteken ook veel meer. Dit beteken dat daar nuwe lewensmoontlikhede vir ons oopgaan, dat dood en donker en lyding hulle angel verloor het. Dit beteken dat gelowiges altyd op God kan vertrou en kan lewe met die verwagting van ’n beter toekoms.

Die Paassiklus is ook ’n herdenking van die oorgangstyd toe Jesus se volgelinge op ’n nuwe manier moes leer dink oor sy teenwoordigheid by hulle.

Voor die kruisiging was Jesus as mens lyflik by sy volgelinge. Ná sy opstanding verskyn hy weer by geleentheid aan hulle, maar soms op vreemde maniere. Hulle is byvoorbeeld in ’n vertrek waarvan die deur gesluit is, bymekaar, en dan staan Jesus skielik tussen hulle. Met die hemelvaart word Hy in ’n wolk opgeneem, en hoewel dit ’n soort weggaan is, is die wolk, soos vir die Israëliete in die woestyn, ’n teken van God se teenwoordigheid. En dan kom die uitstorting van die Heilige Gees, waarna Jesus deur sy Gees by ons teenwoordig bly.

Bo alles is Paastyd ’n tyd van vreugde. Dit is ’n feestyd. Ons vier Paasfees.



